WILGEDRAAI INPAKLYSTE

ALGEMENE LYS

Tensy anders aangedui, is alles op hierdie lys verpligtend.

1. Waterskoene om in die water mee te loop bv. aqua socks of booties (plakkies, tekkies, crocs, sandale, ens. beskadig die bote). **BAIE BELANGRIK**
2. 2 x 500 g pakke gevulde koekies of beskuit per persoon. **BAIE BELANGRIK**
3. 2 rolle toiletpapier per persoon. **BAIE BELANGRIK**
4. 'n Waterbottel of bytbottel (bv. Energade, Oros, ens.) **BAIE BELANGRIK**
5. Volledige aktiewe Voortrekkerdrag (soos voorgeskryf).
6. Sonblokmiddel (faktor 30 of hoër).
7. Gemaklike draklere, onderklere, kortbroek bermuda styl (geen drafbroekies nie), slaapklere en genoeg warmklere.
8. Warmbaadjie vir die koue aande.
9. Handdoek en persoonlike toiletware.
10. Ordentlike swemklere (slegs 'n eenstuk of toe baaikostuum sal toegelaat word – geen bikini's of speedo's vir seuns nie).
11. Slaapsak
12. Jou eie twee- of driemantent (tente word nie voorsien nie). Tent moet asseblief in 'n goeie toestand wees en alle penne en tou moet saamkom, ekstra penne sal goed wees om saam te bring en wat bietjie langer is as die gewone kort tent penne. Die wind raak nogal lastig as tente nie reg opgeslaan word nie.
13. Flitslig (Geen gaslampe word toegelaat nie.)
14. Twee swartsakke vir gemors binne die tente.
15. SLEGS 'n BEKER (Eetgerei en borde word voorsien.)
16. Bybel
17. Persoonlike medikasie (Hooikoors- en asmalyers moet hulle eie medikasie saambring.) Alle medikasie moet ingehandig word by noodhulp.
18. Musiekinstrumente (Indien jy een bespeel.)
19. Sakgeld (Daar sal 'n snoepie beskikbaar wees.) YOCO kaartfasiliteit is wel beskikbaar.

NOTA: Selfone en digitale kameras word toegelaat, maar 'n individu bring dit saam op eie risiko. Wilgedraai Voortrekkerkamp aanvaar geen verantwoordelikheid vir skade van enige aard aan hierdie toerusting nie.

VERBODE ARTIKELS

Laat die volgende items asseblief tuis. Indien dit in die besit van ’n Ontdekker, Penkop, Drawwertjie of Verkenner gevind word, sal dit dadelik gekonfiskeer word en verdere stappe sal teen die persoon geneem word.

1. Dwelmmiddels of enige ander middel wat gewoonte vormend is (sonder ’n geldige voorskrif van ’n mediese dokter) – insluitende sigarette, elektroniese sigarette, hubbly bubbly en alkohol.
2. Pornografiese materiaal van enige aard.
3. Klappers en vuurwerke.

OEWERVERNUF

1. Dagsak/dagrugsak
2. Tou vir skuilingbou
3. Seil om skuiling te bou
4. Gemaklik skoene/tekkies
5. Waterskoene
6. Oorlewing toerusting (flint, staalwol, ens.) – Slegs wat jy het, moet asseblief nie aankoop nie.
7. Reddingsbaadjie
8. 2 x 2lieter koeldrank bottels wat leeg is.

VARSWATERKUNDE

1. 1 x motorbinneband (Vir die kinders om mee te swem op die dam.)
2. 1 x 2 liter gaskoeldrankbottels wat leeg is, verkieslik Coke Cola en nie Fanta-bottels nie.
3. Konfytbotteltjie en wit spoel klip.
   (Klip moet in kind se hand pas en botteltjie moet groot genoeg vir die klip wees.)
4. 10 m nylontou, ten minste 7 mm dik
5. Pen en notaboek

VARSWATERHENGEL

Jou inpaklys word apart vir jou gestuur.

ROEIKUNDE

1. ’n Duidelike gemerkte reddingsbaadjie (met fluitjie) wat jou pas. **BAIE BELANGRIK**
2. Skoene is verpligtend op die oewer, in die water en op die roeiboot. Sagte neoprene rubber water skoene “aqua booties” werk lekker (Beskikbaar by Sportmans Warehouse, Mr Price Sport, Outdoor Warehouse en Decathlon). **Nie plakkies nie**.
3. 2 plastiese hangers
4. Dagrugsak om jou besittings in te pak vir die uitslaap.
5. 6 x sterk (“heavy duty”) swartsakke
6. Klein grondseiltjie of “survival bag” vir uitslaap in die veld. Dit moet lig genoeg wees om saam te neem op jou roeiboot.
7. ’n Langmou ligte sporthemp word aanbeveel (dit word vinnig droog en hou son weg).

RUITERKUNS

1. Harde perdryhoed (of fietsryhelm) **Verpligtend**. (Beperkte hoede beskikbaar – kontak divisieleier)
2. Toe skoene
3. Kampstoel
4. Waterbottel
5. Werkshandskoene

MOTORBOOTKUNDE

1. ’n Duidelike gemerkte reddingsbaadjie wat jou pas. **BAIE BELANGRIK**
2. Klein grondseiltjie of “survival bag” vir uitslaap in die veld word aanbeveel.
3. Langmou ligte sporthemp (word vinnig droog en hou son weg) word aanbeveel.

KAMPMEDIA

1. DSLR-kamera (digitale SLR – dis die tipe wat lense kan ruil) – kontak Divisieleier indien jy nie ’n kamera het nie.
2. Saam jou kamera onthou die volgende as jy dit het:
    a. kaart leser vir die aflaai van foto’s;
    b. ekstra geheue kaart;
    c. ekstra battery en jou kamera se battery laaier; en
    d. kamera sak waarin jy jou kamera dra en om dit te beskerm.
3. Musiek om te speel.
4. Skryfbehoeftes insluitende:
    a. pen en potlood;
    b. inkleur potlode – en inkleur penne (fibre tip);
    c. nota boekie;
    d. skêr;
    e. gom;
    f. sellotape;
    g. liniaal; en
    h. gekleurde papier (project paper A4), een pakkie (20/25 bladsye) pastel kleure en een pakkie neon kleure.
5. Geheuestokkie
6. Klein dag stap rugsak indien kamera sak nie groot genoeg is vir waterbottel, ensovoorts nie.
7. Bring ook dan ’n swartsak of twee saam om toerusting droog te hou.
8. Onthou waterskoene.
9. ’n Gemak stoel om op te sit.
10. Idees, baie idees, baie kreatiwiteit, baie energie …
11. Ons gaan ’n visuele koerantjie en foto blad bou, kyk rond vir idees en bring saam.

SEILKUNS

1. Hoë faktor sonblokmiddel (die son gaan jou looi op die seilboot). **Verpligtend**
2. Sagte neoprene rubber water skoene “aqua booties. **Verpligtend**
3. Reddingsbaadjie. **Verpligtend**
4. Indien jy ’n bril of sonbril dra terwyl jy seil, bring ’n toutjie om dit mee vas te maak. **Verpligtend**
5. Langmou sporthemp (lig en vinnig droog en hou son weg) word aanbeveel.
6. Waterbottel om mee te seil (jy dehidreer maklik op die water as jy seil). **Verpligtend**

7. Leatherman tipe mes as een jy het (werk lekker as jy bote op- en afslaan, skakels sit vas, en vir touwerk) word aanbeveel.
8. Dun leer goedkoop handskoene (die nat toue kou veral die jonge dames se hande en dan waai die velle) word aanbeveel.
9. Seerower drag as jy het. Moet asseblief niks gaan koop nie.
10. Baie entoesiasme en energie, los jou krulle by die huis vir die week.
11. Lap Hoed met ‘n Breë rand waarmee geseil word. Die hoed benodig ‘n toutjie wat kan vasmaak en die hoed moet kan nat word.

SELFBEHOUD

Jou inpaklys word apart vir jou gestuur. Kontak Willem Scholtz vir enige navrae: willemj.scholtz@gmail.com.